ROR-0006-0001-002



DIE RORKE'S DRIFT SENDINGSTASIE VAN DIE EVANGELIESE LUTHERSE KERK

Die buiteblad van die Bulletin is hierdie kwartaal 'n weergawe van 'n tapisserie deur ontwerpers en wewers van die Evangeliese Lutherse Kerk by Rorke's Drift. Die naam van hierdie weef-, pottebakkers- en grafiese kuns-ateljees is ook buite ons landsgrense bekend, terwyl sommige van die kunstenaars wat hulle opleiding hier ontvang het, tans in Europa studeer of gevestig is.

Rorke's Drift is 'n naam wat vroeër meer bekend was vir een van die bloedigste ge= vegte wat tussen Zulu impi's en Britse magte plaasgevind het: tans roep die naam onmiddellik 'n rustige, landelike omgewing op, waar gewerk en gesing word, en stukke van hoë gehalte gemaak word.

Die Deense egpaar, Ulla en Peder Gowenius, het in 1962 as sendelinge na Rorke's Drift gekom en die Evangeliese Lutherse Kerk, Kuns- en Handwerksentrums gestig by die ou Sweedse Sendingstasie Oskarberg. By die Zulus was die plek bekend as Shiyane.

Oorspronklik was die weefskool die eerste handwerk-ateljee waarmee begin is. Vroue is opgelei om die wol, ru van die skaap, te was, te kam en te spin. Ook die kleur met natuurlike en later ook chemiese stowwe is op die terrein gedoen.

Die mees veeleisende taak van die onderwysers was egter die onderrig van patrone teken en weef. Wat die handwerk kant self betref, dié het ongetwyfeld harde werk maar geen direkte moeilikhede opgelewer nie. Die taak van die onderrigter, naam= lik om die kunstenaar te lei maar op geen wyse te beïnvloed deur Europese ont= werpe, onderwerpe, kleur en vorm nie, moes 'n formidabele taak gewees het. Die waarde van die tapisserieë lê dan ook daarin dat die werkstukke uit 'n oogpunt van weefwerk gesien, knap opgesit en geweef is; meesal grof maar egalig, wat goed aanpas by die dikkerige wolvesel wat hulle gebruik en heeltemal in styl is met die kenmerkende eenvoud van die konsepsie van die ontwerp. Want hier het niks verlore gegaan nie van die fris siening van die eenvoudige, soms heel naïewe mens, wat op sy manier 'n verhaal spin in 'n plat vlak, die een figuur bo-op die ander, of verskillende dele van 'n verhaal almal in dieselfde kader.

Die wewer ken sy wêreld, sy drome, ook sy verwagtings. Hy leer onder die sende= linge se leiding die Bybel ken en beeld veral die dramatiese verhale wat by hom besondere aanklank vind, uit. So het ons 'n treffende beskrywing van triomfante= like Israeliete aan die kant van die Rooi See met patetiese Egiptenare wat in die meedoënlose water spartel. Ook die verhaal van Adam en Eva het vir hulle 'n groot

/...

aantrekkingskrag; dié word ook in die linosnee-medium graag gebruik.

Daar is min aarseling in die gebruik van sprekende vorms en veral helder, party=keer skerp kleure en kleurekombinasies; tog hang die geheel meesal baie goed saam en maak ontwerper en wewer gewoonlik van 'n sterk middelpunt gebruik waarom alle vorms en kleure knap gerangskik is. Die ontwerpe is nog meer uniek omdat hulle slegs eenmalig gebruik word. Op die oomblik werk daar 175 mense by die skole waar ook pottebakkery, grafiese werk en tekstieldruk geleer word; hiervan is 120 by die weefwerkswinkel betrokke.

Behalwe tapisserie word hier ook duursame matte geweef met die kenmerkende geome=triese patrone in aardkleure opgehelder deur warm bessie- en vrugte-kleure soos rooi, oranje, geel, ligbruin.

Die opleiding het nog 'n onderliggende doelstelling, naamlik dat die afgestudeerde die kennis wat hy opgedoen het, weer in sy eie tuislande kan uitdra. Kursusse wat aangebied word is bv. 'n tweejaarkursus in die Skone Kunste, en vir kuns en handwerkinstrukteurs, 'n eenjarige Huishoudkundekursus, en 'n kursus wat van een tot ses maande kan duur in handwerk, soos kleremakery, weefwerk, pottebakkery, tekstieldruk.

Dit gebeur dikwels, veral as die tapisserie waaraan geweef word, groot is, dat meer as een wewer of weefster daaraan werk, en kenmerkend is ook die samewerking tussen wewers en ontwerper. Hier en daar is daar klein kentekens van Skandina=wiese invloed veral in die opvul van 'n eenvoudige agtergrond met 'n blaaragtige patroon in skakerings van een kleur.

Gowenius vertel oor die eerste paar bestaansjare van die ateljee dat die Suid-Afrikaanse kunsgalerye min belangstelling vir die tapisserieë getoon het. Toe die eerste tentoonstelling in Swede gehou is, was alle werke binne 2½ uur verkoop en vir die duur van die tentoonstelling het 38 000 mense dit gesien. Daarna is die werke in ander sentra in Europa gehang, asook in Amerika. Intussen het die belangstelling daarvoor ook in Suid-Afrika geweldig toegeneem. Oor die algemeen gesien word dit besef dat die swart man op eie ekonomiese voete sal moet staan en instellings soos die E.L.K. sentrum voldoen aan die vereiste om hom in 'n be=roep deeglik op te lei. Bowendien sal dit as teenhanger kan dien teen die dik=wels smaaklose toeristekuns wat ongelukkig ook vir "Bantoekuns" deurgaan.

Een van ons bekendste en mees-onderlegde weefsters, mev Essie Greenwood, skryf oor die weefskool:

/...

"By giving to the Zulu spinners and weavers the knowledge to prepare and dye the yarn and the technique of carpet and tapestry weaving, Ulla has enabled them to become craftsmen and artists in their own right. If you study the tapestries you will find that technically they are made according to the best European tradition. It was, however, lucky that the knowledge came from a country that was not yet too sophisticated, with a healthy peasant tradition which could make a fusion with another unsophisticated culture. Her teaching was extremely sound because it still survives in technique and quality", and "I know that often a sketch is made by the Zulu weaver-artist; this sketch is subject for long talks between artist and tea= cher, and finally it is executed freely and imaginatively within the discipline of the loom."

"OLIFANTE",

196 x 214 cm

Wewers en ontwerp: Ester Nxumalo, Victoria Mncube, Philda Majozi.

Met watter groot genot en plesier moes beide ontwerper en weefsters aan hierdie kostelike tapisserie geweef het! Die onderwerp was 'n eenvoudige gegewe van 'n trop olifante: die oplossing kinderlik - vanselfsprekend. In 'n netjiese opeen= stapeling van kol-oog olifante; party in perfekte profiel, ander reg van voor en sommiges selfs rustend op hul agterkant, is die hele weefraam gevul met olifant: logies en heerlik-ritmies; 'n kielie-lekker oplossing. Die kleure bly naby die aarde: warm-bruin teen swart, sandkleure teen gloeiende rooi, met hier en daar 'n titseltjie pers. Aan die regterkant sien mens duidelik die digte opvulling van 'n stukkie agtergrond wat uitsteek: 'n blaar-agtige patroon wat ineenstrengelend na bo loop sonder om steurend te wees.

Die Pretoriase Kunsmuseum bied gedurende November en Desember 'n groot tentoonstel= ling van tapisserieë aan. Daar sal werke te sien wees uit die weefateljee van Rorke's Drift, asook van bekende en minder bekende Suid-Afrikaanse weefsters wat meesal gebruik maak van ontwerpe deur erkende kunstenaars. Verder sal die groot= ste deel van die tentoongestelde tapisserieë afkomstig wees uit ledelande van die Wolsekretariaat. 'n Fees vir die liefhebbers van die tapisserie dus, en 'n duide= like bewys dat die weefkuns, veral die tapisserie-weefkuns lewendig en gesond is oor die hele wêreld.

K. KEMPFF